

ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

DIE BEËINDIGING VAN 'N TRUST

Die beëindiging van 'n trust is die proses waardeur die oprigter daarvan 'n trust wat reeds opgerig is tot 'n einde bring. Dit kan met of sonder die trustees se goedkeuring geskied.

STAUTÊRE MAGTE VAN DIE HOF

Die Hoogeregshof is volgens wetgewing by magte om 'n trust te beëindig. As 'n trustakte gevolge sal meebring wat volgens die hof nie deur die oprigter van die trust voorsien is en wat:

- Die uitvoering van die trust se doelwitte belemmer;
- Die begunstigdes se belange benadeel;
- Nie in openbare belang is nie,

Mag die hof, op aansoek van die trustees of enige ander persoon wat 'n belang in die trust het, las dat die trust beëindig word.

DIE GEMENEREG EN 'N INTER VIVOS TRUST

'n *Inter vivos* trust, 'n truts wat tydens die oprigter se lewe opgerig word, word beëindig soos wat dit in die trustakte beskryf word. Dit kan wees nadat 'n sekere tyd verloop het of wanneer 'n gebeurtenis voorkom wat in die trustakte beskryf is. In die finale instansie kan die besluit om die trust te beëindig in die diskresie van die trustees gelaat word. Anders as wat in Anglo-Amerkikaanse wette voorgeskryf word, het 'n trust in Suid-Afrika nie noodwendig 'n beperkte lewensduur nie en kan dit onbepaald bly voortbestaan.

Die ontydige beëindiging van 'n trust kan 'n nadelige ekonomiese en sosiale invloed vir die begunstigdes veroorsaak. Dit kan net so nadelig wees om 'n truts voortydig te beëindig as wat dit kan wees om die trust te laat voortbestaan as die trustees daardeur skade lei. Daarom is dit noodsaaklik dat die trustees nie in die trustakte beperk moet word om die trust te laat voortbestaan of dit te beëindig nie.

Wanneer 'n *inter vivos* trust beëindig word sal die lot van die bates wat op daardie stadium nog daarin is deur die metode van beëindiging bepaal word. As die begunstigdes die trust beëindig sal hulle die reg hê om oor die toekoms van die bates te besluit. As die oprigter die trust deur middel van 'n klousule in die trustakte of in gevolge eenstemmigheid tussen hom en die trustees beëindig, kan hy die bates weer na hom as persoon oordra. In enige ander geval van die beëindiging van 'n *inter vivos* trust sal die trust beëindig moet word soos wat daar in die trustakte daarvoor voorsiening gemaak word. Indien daar nie 'n spesifieke voorsiening vir die hantering van die bates in so 'n geval is nie, kan die oprigter, of dan sy erfgename, die bates in beslag neem.

DIE GEMENEREG EN 'N TESTAMENTÊRE TRUST

'n Testamentêre trust verskil redelik baie van 'n *Inter Vivos* trust en daarom sal die beëindiging van so 'n trust ook anders hanteer word. Die beëindiging of herroeping van so 'n trust is gewoonlik afhanklik van 'n spesifieke gebeurtenis. Dit kan die dood van 'n bepaalde persoon wees, die bereiking van 'n sekere ouderdom van 'n begunstigde, 'n vasgestelde datum of dan ook by magte wat aan die trusteees opgedra is. In laasgenoemde geval kan die trust gemagtig word om onbepaald te bestaan totdat die trusteees anders besluit. Dit bring mee dat die trust dan nie noodwendig by die eerste geslag begunstigdes hoef te eindig nie maar dat dit selfs vir 'n tweede of derde geslag begunstigdes kan bly voortbestaan.

Wanneer 'n testamentêre trust beëindig word, tree die bepalinge rondom die oorblywende gedeelte van die bates in werking. Indien daar geen bepalinge bestaan nie geld dieselfde reëls as wanneer 'n persoon sonder 'n testament sterf en sal die erfgename gelykmatig in die bates deel. In die geval van 'n testamentêre trust sal die erfgename dié persone wees wat op die datum van afsterwe van die testateur (vir wie die trust opgerig moet word) sy intestate erfgename was.

DIE FORMALITEITE

Die wetgewing oor trusts maak nie voorsiening vir spesifieke formaliteite of prosedures wat gevolg moet word om 'n trust te beëindig nie. Die beëindiging *per se* beëindig ook nie noodwendig die pligte van die trusteees nie. Die pligte van die trusteees kan nog voortgaan nadat die trust beëindig is.

Voordat die trust beëindig kan word moet al die laste van die trust afgelos word en die oorblywende bates moet volgens die trustakte verdeel word. Volgens wet kom die trusteees se pligte tot 'n einde wanneer al die bates uit die trust na die regmatige nuwe eienaars oorgedra is. Wanneer die Meester van die Hoogeregshof bevestig dat dit wel gedoen is kan die trusteees van hulle pligte onthef word.

SLOTSOM

'n Trust word gewoonlik opgerig om tydelik sekere bates namens bepaalde begunstigdes te bestuur. Daar word dan gewoonlik 'n voorwaarde of gebeurtenis aan die tydsduur van die trust se bestaan gekoppel. Wanneer hierdie bepaling bereik word, word die trust deur die trusteees beëindig.

Die trustakte kan ook voorsiening maak dat die beëindiging aan die trusteees se diskresie oorgelaat word. In so 'n geval kan die trust onbepaald bly voortbestaan en selfs ook na verdere geslagte van begunstigdes oorgedra word. Die oprigter van die trust, hetsy dit in lewe of in sy testament bepaal word, het dus direk of indirek die seggenskap oor die beëindiging van sy trust.

Volgende keer: Wie beheer die trust?

Die gedeelte oor trusts is gebaseer op inligting uit "Wills and Trust" deur RP Pace en WM van der Westhuizen.

BETHLEHEM
Januarie 2004